ds. PJ Kriel 20.03.2016

Inhoud. Hoe Christus deur Judas se selfmoord die hele selfregverdigingsbedryf van die moderne Christelikheid aan die kaak stel teenoor sy verlossing.

Skriflesing: Matteus 26: 1-4; 14-16; 21-25; 31-32; 56; 27: 1-10. Lukas 23: 47 – 49.

Teks Luk. 23: 43 "Jesus het hom geantwoord: Amen. Ek sê vir jou: Jy sal vandag nog saam met my in die paradys wees."

Tema Christus is die offer vir ons sonde aan die kruis. Ons hang onsself nie op vir ons eie sonde soos Judas nie.

1.'n Moordenaar wat as verlosde sondaar sterf en 'n dissipel wat sterf as 'n mens wat vir God verlore is! Dit is die geweldige ironie wat plaasvind met die veroordeling en dood van die Here.

Die kern van hierdie ironie gaan oor vergifnis. By wie soek en kry jy vergifnis.

Judas het vergifnis gaan soek by die tempel en die priesters. Die struikrower aan die kruis het sy vergifnis by die Here aan die kruis gesoek.

2. Ons mag nooit van Judas as mens 'n karikatuur maak so asof hy spesiaal uitgesonder is vir die woede en wraak van God op sondaars nie.

'n Mens kan baie vinnig en maklik hierdie indruk kry in die woorde van die Here: "maar wee die man deur wie die Seun van die mens verraai word. Dit sou vir daardie man beter gewees het as hy nooit gebore was nie."

Met hierdie oordeelspreuk wys die Here nie net op Judas se posisie as ongelowige nie, maar op die posisie van elke mens wat Jesus as Messias verwerp.

3. Ons moet die evangelie ontdek in alles wat met Christus gebeur. Jesus is self God wat sy raadsplan as God uitvoer in dit wat Hy as mens in sy lyding, sterwe en opstanding doen.

Jesus het as God sy eie verraad deur Judas beskik en bestuur. Dit was die manier waarop Hy Homself in die posisie geplaas het om as mens godverlate vir sondaars se sonde te sterf.

Jesus se verraad en dood was nie die ongelukkige gevolge van die onvoorsiene optrede van Judas of die Joodse Sanhedrin nie. Jesus het as Here self besluit en beskik hoe Hy vir sondaars moet verraai word, oorgelewer word en doodgemaak word.

4. Dit sien ons in die Here se 3 lydingsaankondigings terwyl Hy en sy dissipels op pad is na die Paasfees in Jerusalem. Die Here stel dat dit “moet” gebeur, en met hierdie “moet” wys dat dit die beskikking en bestuur van God self is. Dit hoe Hy as Here dit as Seun van God moet doen en hoe God sy Vader dit gaan laat gebeur.

Daarom kondig die Here in Matteus 26 vers 2 wat met Paasfees gaan gebeur en wat dit beteken finaal aan in die woorde: “Julle weet dat dit oor twee dae Paasfees is. Dan word die Seun van die mens oorgelewer om gekruisig te word.”

Daarom kondig die Here ook na die instelling van die nagmaal aan dat elke dissipel Hom in die steek sal laat.

Omdat God die Vader Jesus as Herder gaan doodmaak, en God die Vader self die dissipels van die Here gaan verdryf sodat Hy deur nie God die Vader of mens aan die kruis ondersteun of bygestaan sal word in wat Hy aan die kruis doen nie.

Dit is omdat God die Vader self hulle van Jesus verdryf dat Judas die Here verraai, Petrus die Here verloën en die ander Hom verlaat. God jaag die skape uitmekaar en omdat God dit doen, verraai, verloën en verlaat hulle Jesus as die Messias en Here.

5. Ons mag nooit gaan maak of verraad erger is as verloëning en asof verloëning erger is as verlating nie. Nie een van sy dissipels het geglo in waarvoor Jesus veroordeel word, gekruisig word en sterf nie.

Nie een van sy dissipels het geglo in sy opstanding as mens uit die dood nie. Hulle het nie in so Messias geglo nie.

Hulle het in ’n Messias geglo wat die tempel en alles wat in die tempel gebeur die mag en middelpunt van die hele wêreld sou kom maak. Hulle het presies in die Messias geglo soos die Fariseërs, Sadduseërs en priesters ook geglo het.

Al verskil is dat hulle geglo het dat Jesus die Messias is. Die Sanhedrin het net nie geglo Jesus is die Messias waarin hulle geglo het nie.

6. Nou wat maak dan die verskil tussen die manier waarop Judas sterf teenoor die manier waarop die struikrower aan die kruis sterf?

Waarin hulle niks van mekaar verskil het nie, is dat hulle nes al die Jode en Romeine met die kruisiging moordenaars was.

Om en aan die kruise was feitlik almal moordenaars.

Die twee rowers was nie maar sommer net diewe wat goed gesteel het nie.

Die woorde waarmee hulle beskryf word wys hulle is struikrowers. Rowers soos in die gelykenis van die barmhartige Samaritaan. Rowers soos rowers met vandag se plaasaanvalle. Rowers wat nie net roof nie maar die mense wat hulle roof doodmaak met magslus en die bedoeling om deur moord verskrikking te saai.

Hulle was moordenaars.

Maar die hele Sanhedrin en elke Romeinse amptenaar en soldaat was by die kruis moordenaars deur 'n geestelike en politieke komplot.

Nog voor die Paasfees het Kajafas al die mening gestel dat dit beter is dat Jesus deur hulle doodgemaak word as wat Hy toegelaat word om 'n godsdienstige opstand te lei waarin die Romeine die tempel kom verwoes en hulle Joodse geestelikheid kom beëindig. Joh.18:14.

Daarom het hulle die Sanhedrin, die Joodse geestelike leiers, voor Paasfees bymekaargekom en 'n moordkomplot teen Jesus gesmee.

Matteus stel dit so: “Hulle het daar saam planne gemaak om Jesus op 'n slinkse manier gevange te neem en dood te maak.” Dit is 'n moordkomplot om moord te pleeg.

Hulle het dit deurgevoer en Pilatus met politieke deel van hulle moordkomplot gemaak. Daarmee is die hele owerheid en al die soldate aandadig hierdie moord gemaak.

Judas het met sy verraad homself deel van hierdie moordkomplot gemaak.

7. Die rede vir Judas se verraad was Jesus self. Niemand anders nie. Met Jesus se volgehoue onderneming om veroordeel te word, gekruisig te word, te sterf en uit die dood uit op te staan het hy vir Judas net soos die ander dissipels van Hom vervreem.

Judas was deur Jesus se onderneming ontnugterd in Jesus as Messias en nes Petrus kon hy nie in só 'n tipe Messias glo nie. Daarom was hy oortuig dat omdat Jesus nie die Messias kan wees nie. Met hierdie oortuiging het hy terug gegaan na hulle wat volgens hom die regte Messias verwag, die Joodse geestelike leiers.

Hulle het die Messias verwag wat aan toegewyde en vroom Jode die geestelike mag sou gee om deur die wet van Moses oor die hele wêreld God se wet af te dwing. Net soos die Moslems vandag 'n Islamitiese staat wil oprig om Allah se wette oor al die goddeloses af te dwing met staatsmag.

Judas het Jesus aan die mense wat volgens hom die regte Messias verwag uitgelewer. Dit was sy godsdienstige plig. Die geld was die manier waarop hy homself uit hierdie godsdienstige oortuiging wou verryk.

Judas se godsdienstige oortuiging én gierigheid het Judas ʼn medepligtige in die moordkomplot teen die Here gemaak.

Judas was nes die struikrower aan die kruis en die hele Joodse Raad en almal wat die Raad ondersteun het, ʼn moordenaar. ʼn Moordenaar deur medepligtigheid!

8. So wat is dan die verskil tussen die manier waarop die struikrower sterf teenoor die manier waarop Judas sterf?

Die antwoord is dat Judas, anders as enige ander dissipel of die rower, sy saak met God probeer reg maak het.

Dit is wat Judas se selfmoord aan die kaak stel: die hele tempelbedryf van hoe die Joodse geestelikes besig was om mense te wys hoe om hulle saak met God self reg te maak.

U moet die beskrywing van hierdie godsdienstige poging deur Judas deur die Bybel nie mislees nie. Dit is wat in sy optrede deur die Woord van God openbaar word: iemand wat sy saak met God reg self reg maak soos die priesters dit in die tempel dramatiseer en voorhou.

9. Judas begin sy saak met God reg maak met ʼn diep innerlike oortuiging van sonde: “Ek het gesondig.”

Dan erken hy sy eie sonde op die naam: “Ek het ʼn onskuldige man verraai.”

In die taal van vandag doen hy dadelik restitusie, of boetedoening: Hy gaan gee die geld vir sy verraad alles terug.

Hierdie boetedoening wil hy teenoor die priesters in die tempel doen. Dit is nie toevallig nie. Die tempel is die plek waarin hulle as geestelike leiers die vergifnis met God gedramatiseer en bedryf het.

Toe hulle dit nie wil vat nie, het hy dit in die tempel ingegooi, waarskynlik voor die offeraltaar.

10. Dit was juis in die tempel waar Judas sy tweede ontnugtering beleef het. Hy het in die tempel by die priesters vergifnis gaan soek en dit toe nie gekry nie.

Hy besef en erken sy sonde teenoor die Here.

Christus is die offer vir ons sonde aan die kruis. Ons hang onsself nie op vir ons eie sonde soos Judas nie.

Hy erken sy sonde op die Naam.
Hy doen boete vir sy sonde deur die geld terug te gee.
Hy soek versoening met God in die tempel.

Wat doen die priesters?

Hulle weier om Hom in die vergifnis van die tempel te laat deel, want sou hulle sy sondebelydenis aanvaar, sou hulle hul self daarmee tot sondaars voor God maak vir die moordkomplot wat hulle saam beplan het.

Daarom maak hulle asof die sonde van verraad sy en nie hulle saak is nie. Hulle het nie ŉ onskuldige man verraai nie. Hulle het die tempel teen ŉ valse Messias beskerm en daarom was die moord op Jesus volgens hulle die wil van God! Dit was om God se tempel en vergifnis bedryf te beskerm dat hulle hierdie man moes vermoor.

11. Wat doen Judas?

Hy straf homself vir sy eie sonde. Hy offer homself vir sy sonde teen God. Dit is die diepste bedoeling van sy selfmoord. Hy kon nie deur sy boetedoening of restitusie vergifnis kry nie. Dit het die priesters hom ontsê. Daarom betaal hy sy skuld by God deur sy eie lewe vir sy sonde te gee as betaling vir sy sonde.

Dit was sy manier om sy saak met God reg te maak vir sy aandeel in die moordkomplot teen Jesus wat hy besef het onskuldig is.

Wat doen God met die selfmoord van Judas?

Met Judas se sondeberou en selfmoord het God die hele valsheid van die tempelbedryf deur priesters en geestelike leiers in Jerusalem ontbloot. Hulle wys mense hoe om hulle saak met God self reg te maak, maar self maak hulle nie hulle eie saak met God op hierdie manier reg nie. Hulle doen dit as ŉ vorm van geestelike mag oor ander.

Hulle poging om van die moordgeld ŉ welsynsaksie te maak deur ŉ begraafplaas vir Jode wat tydens hulle besoek aan die tempel van ver af sterf, het mense deurskou en die regte naam vir hierdie valse welsynspoging te gee: Bloedgrond.

12. Wat doen die struikrower anders as Judas?

Ons mag nie by die rower ŉ ander tipe sondebelydenis probeer soek as by Judas nie. Dit het al ŉ tradisie in die kerk geword dat Judas se sondebelydenis en berou teenoor die van Petrus en die rower afgespeel word asof hulle op die regte manier jammer was, maar Judas nie regtig jammer was nie.

Christus is die offer vir ons sonde aan die kruis. Ons hang onsself nie op vir ons eie sonde soos Judas nie.

Dit is ŉ heeltemal valse manier om die Bybel hier uit te lê.

Hier word geen verskil tussen die manier waarop jy jammer is teenoor mekaar gestel nie.

Die werklike teenstelling is die manier waarop Judas sy saak met God probeer regmaak teenoor dit waarmee Jesus aan die kruis besig was.

Judas het homself aan die dood oorgegee as straf vir sy sonde terwyl Jesus Homself aan die kruis oorgegee het vir sondaars se sonde.

Wat die struikrower anders doen is nie om anders jammer te wees nie. Hy soek by Jesus aan die kruis vergifnis van sonde: Hy aanvaar dat Jesus deur sy dood in sy koninkryk gaan kom om ŉ koning te wees.

Daarmee stel hy sy vertroue in die Here om aan Hom te dink as sondaar.

13. Dit is die ontdekking wat ons moet maak in die selfmoord van Judas!

Die manier waarop hy sy saak met God probeer regmaak het, is die wyse waarop die tempeldiens dit vir hom gewys het: sondebelydenis en boetedoening!

Hy moes net ontnugterd ontdek die priesters doen nie self wat hulle vir ander leer en voorhou nie.

Toe maak hy homself die offer vir sy eie sonde en betaal met sy eie lewe vir sy sonde!

So sterf Judas in ongeloof!

Wat was sy volhardende sonde?

Hy het tot in sy dood geglo Jesus is ŉ valse Messias! Dit is wat verkeerd was met sy sondebelydenis. Dit was nie verkeerd omdat hy nie jammer genoeg, of op die verkeerde manier jammer was of nie bereid was om die volle boetedoening te doen wat nodig was vir sy sonde nie.

Hy het bly glo hy het ŉ onskuldige man verraai. Met hierdie belydenis het hy in sy ongeloof volhard dat hierdie man kan nie vir ander se sonde sterf en uit die dood opstaan om sondaars die volle vergifnis van hulle sonde te gee nie.

14. Daarom maak Jesus hierdie oordeelspreuk oor Judas: "Dit sou vir daardie man beter wees as hy nie gebore was nie."Watter man? Die man wat sy eie saak met

God wil regmaak en sy eie lewe as offer vir sy sonde gee, terwyl die Man aan die kruis besig om sy lewe vir sondaars as offer te gee.

Die oordeel dat jy jouself aan God as offer vir jou sonde gee, omdat jy nie glo aan die Man wat sy lewe as offer vir jou gee en wat God as volkome genoegdoening vir jou sondes aanvaar nie.

Dit is die tragedie van Judas: iemand wat in die Joodse Messias glo as iemand wat jou voorsê hoe om jou eie saak met God reg te maak en daarom priesters gee om jou in jou eie boetedoening te begelei.

Die oordeel waarin jy net een ding kan ontdek: hulle kan of wil nie eers hulle eie sonde met God regmaak nie, hulle stel eintlik glad nie belang in vergifnis vir my nie en bedryf net vergifnis asof dit ŉ saak is waarvan hulle die leiers, bestuurders en winsnemers is.

Die oordeel waarin jy moet ontdek ek sal myself en my eie lewe aan God as offer vir my sonde moet gee omdat ek nie glo in hom wat aan die kruis die Messias is, die een wat die enigste en genoegsame offer vir alle sondaars se sonde gee.

Die oordeel waarin jy in jou ongeloof oor Jesus aan die kruis moet ontdek jou sonde en vergifnis het hierdie geestelike leiers geen saak mee nie, terwyl die struikrower aan die kruis ontdek dat Jesus vir hom die paradys bewerk het.

Dit is geen nuwe spesiale oordeel waaronder Judas staan nie. Dit is die oordeel waaronder elke mens staan wat sy eie saak met God op sy eie manier reg maak – omdat hy nie in die offer van Jesus glo nie. Net Hy gee sy lewe as offer vir alle sondes.

15. Die verskriklike ironie van Judas se manier om sy saak met God eers deur die tempeldiens en toe op sy eie manier probeer bewerk het, is dat dit die geestelikheid van vandag is, ook van die NG Kerk se geestelike leiers, leraars wat hulle self vleiend spirituele leiers noem.

Hulle het dit reg gekry om in die Naam van Jesus ŉ Judasbedryf op te rig.

U kan dit maar self toets!

Wat noem ŉ mens hierdie manier om jou eie saak met God reg te maak en vir jouself vergifnis by God te verkry?

Jy moet jou sondes bely!
Jy moet jou sondes op die naam noem!
Jy moet restitusie vir jou sondes doen om te wys jy het waarlik berou oor jou sonde!

Christus is die offer vir ons sonde aan die kruis. Ons hang onsself nie op vir ons eie sonde soos Judas nie.

Jy moet na die offeraltaar toe gaan en jouself met god versoen!
Jy moet jou eie-ek kruisig soos Jesus!
Jy moet jou eie belange afsterf soos Jesus!
Jy moet jouself niks maak nie soos Jesus!
Jy moet jou eie-ek doodmaak en in jouself afsterf!

Klink dit soos dit wat Jesus aan die kruis vir sondaars gedoen het: net Een wat vir alle sondes sy lewe aflê en sterf as volkome genoegdoening vir alle sonde!

of

Klink dit soos Judas se berou en manier om sy eie saak met God reg te maak?

Ek bely my sonde.
Ek noem my sonde op die naam.
Ek doen restitusie en boete en gee alles terug
Ek gaan na die tempel en soek daar vergifnis by die priesters en geestelike leiers!
Ek straf myself en maak myself niks as betaling vir my sonde!

ʼn Judas offer in die Naam van Jesus!

Watter Jesus is hierdie? Die Jesus wat net vir jou die voorbeeld stel van om jouself soos Judas te straf en oor te gee? Die Jesus van ʼn Judasoffer?

Dit is die ongeloof van Judas in die Christus aan die kruis sy lewe as offer gee sodat geen mens ooit weer sy saak met God self hoef reg te maak nie.

Dit is die geloof in Judas en Jesus se moordenaars se Messias van die wet.

16. Kom ons ontdek weer die Here wat sy lewe as offer aan die kruis gegee het in hierdie Paastyd.

"Here dink aan my"

Dit is al! Geen ander geestelike dade om vergifnis te ontvang nie. Geen belydenisse, restitusie of oorgawe van jou eie-ek, lewe of belange aan God nie.

Geloof in Jesus as die enigste een wat Homself as offer aan God oorgee, sodat ek nooit iets soos Jesus aan die kruis moet doen of nadoen nie.

In hierdie Here kan u nooit teleurgestel word nie.

Kom ons ontdek weer iets van al die geestelike leiers wat in die naam van Jesus en Christelikheid ander mense oproep om hulle saak met God self reg te maak soos Judas:

Jy moet jou sondes bely!
Jy moet jou sondes op die naam noem!
Jy moet restitusie vir jou sondes doen om te wys jy het waarlik berou oor jou sonde!
Jy moet na die offeraltaar toe gaan en jouself met god versoen!
Jy moet jou eie-ek kruisig soos Jesus!
Jy moet jou eie belange afsterf soos Jesus!
Jy moet jouself niks maak nie soos Jesus!
Jy moet jou eie-ek doodmaak en in jouself afsterf!

Hulle wat hierdie geestelikheid bedryf sal u ontdek as hulle wat wanneer dit oor regte skuld en sonde gaan jou sal behandel soos net geestelikes kan: “Wat het dit met ons te doen? Dit is jou saak! Ons is besig met die tempelbedryf.

Kom ons keer ons weg van hierdie priesters wanneer hulle ons wil leer om onsself, ons taal of grond en lewe vir God as offer vir ons sondes te gee, want hulle leef met die geestelike hovaardigheid: ““Wat het dit met ons te doen? Dit is jou saak! Ons gaan aan met ons tempelbedryf!

Kom ons keer ons na die Here wat hierdie tempels afgebreek het toe Hy met sy dood die tempel se voorhangsel geskeur het! Wie hom tot hierdie Messias keer en op hierdie Messias se dood vertrou sal in hierdie vergifnis leef: “Vandag sal jy saam met My in die paradys wees.”

Hoekom wil ons onsself aan geestelikes se galge om die kruis ophang, dit terwyl Jesus self aan die kruis vir ons sondes die volkome en finale offer is sodat ons nooit weer enige skuld by God het nie?

Ons glo nie in ons eie galge waaraan ons onsself moet ophang nie. Ons glo in Hom wat aan die kruis alle sonde vir altyd verreken het.

Christus is die offer vir ons sonde aan die kruis. Ons hang onsself nie op vir ons eie sonde soos Judas nie.

Uitleg notas.

- Die raadsplan van God is dat Jesus alleen godverlate sterf. Daarom verdryf God self sy dissipels van Hom af volgens die belofte van Sagaria 13:7. Elke dissipels het Jesus as Messias in die steek gelaat.
- Judas is egter die enigste een wat Hom in die steek gelaat het deur Hom te verraai. Judas het hom verraai, Petrus het Hom verloën en die ander het Hom verlaat.
- Die rede vir hulle optrede is nie vrees nie, maar die teleurstelling oor hoe Hy die Messias wil wees.
- Die drie lydingsaankondigings wys hulle ongeloof en teleurstelling in Hom as die Messias: Matteus 16: 21-23 wys Jesus oor sy plan om te sterf en op te staan tereg en verklaar dit strydig met die wil van God vir die Messias; Matteus 17: 23 is hulle bedroef oor sy plan om as Messias te ly en uit die dood op te staan en op sy derde aankondiging in Matteus 20 besluit Johannes en Jakobus om sy opvolgers te wees, sou hy dan doodgaan.
- Jesus se aankondiging in Matteus 26:2 is die sneller vir Judas se verraad. Hy het nie meer in Hom as Messias geglo nie.
- Die kontras gaan oor Jesus se onskuld en moordenaars se skuld.
- Die leierpriesters en familiehoofde word 'n bende moordenaars deur Jesus se dood te beplan. Moord deur die amptelike besluite van die Sanhedrin en die Romeinse reg; die struikrowers wat saam met Jesus gekruisig word, is ook moordenaars en Barabbas wat 'n politieke anargis was, was ook 'n moordenaar.
- Die Sanhedrin het 'n moordenaar van moord losgelaat om Jesus te vermoor.
- Die verdere kontras is die die selfmoord van Judas teenoor die verlossing van die moordenaar wat Jesus se medegekruisigde was.
- Die werklike kontras gaan nie oor verskillende soorte rou of spyt nie. Dit gaan oor wie bewerk vergifnis en by wie kry jy vergifnis van sonde.
- Judas soek dit by die tempel en die priesters van die tempel en die struikrower soek dit by Christus.
- Dit is die oordeel waarin Judas sterf: sy dood word 'n openbaring van en aanklag teen die tipe vergifnis van die tempel en priesters.
- Daarom skeur Jesus met sy dood die voorhangsel van die tempel: Hy beëindig die tipe vergifnisbedryf wat in tempels gebeur.
- Judas se poging tot vergifnis wys watter tipe vergifnis in die tempel bedryf word: vergifnis deur jouself en jou eie opoffering: spyt, restitusie, dit is, die teruggee van sy verraad se wins en die self offer deur homself met die dood te straf.
- Dit is en bly egter in die ongeloof dat Jesus nie die Messias is nie. Hy erken nie dat hy die Messias verraai het nie, want hy glo dit nie van Jesus nie. Hy erken dat hy 'n onskuldige man verraai het. 'n Man wat nie skuldig is aan die oordeel wat hulle oor Hom gefel het nie.

Christus is die offer vir ons sonde aan die kruis. Ons hang onsself nie op vir ons eie sonde soos Judas nie.

- Die ironie is dat hulle wat die vergifnis in die tempel bedryf nie sy selfreddingspoging deel nie, maar dit tog in die tempel bedryf en bemark, terwyl hulle self deel van die moord op die Here is.
- Hulle soek nie vergifnis vir eie sondes nie, ook nie die sonde wat hulle saam met Judas deel nie, maar geestelike mag om ander in 'n selfreddingsgeestelikheid vas te vang.
- Jesus se onskuld was deur Kajafas self aanvaar, maar het die mening gehad dat dit beter is dat Jesus alleen sterf vir die rustigheid van die Joodse gemeenskap in plaas daarvan dat die hele Joodse gemeenskap deur die Romeine aangeval word en hulle hul Joodse bevoorregting verloor deur die onlus met 'n stryd rondom 'n Joodse Messias. Joh. 18:14.
- Die bedrag is deel van die vernedering van die Here: Ex 21: 32: "As 'n bees 'n slaaf of slavin stoot, moet hy aan hulle dertig sikkels silwer gee en die bees moet gestenig word: vergoeding vir 'n slaaf se dood.